NWU ONDERRIG- EN LEERSTRATEGIE 2021-2025

Lêerplannommer	8Pr
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Adjunkvisekanselier: Onderrig- en Leer
Beleidseienaar	Adjunkvisekanselier: Onderrig- en Leer
Verantwoordelike afdeling	Adjunkvisekanselier: Onderrig- en Leer
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	NWU Raad
Datum van goedkeuring	16 November 2023
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2026

Inhoudsopgawe

NOORDWES-UNIVERSITEIT ONDERRIG- EN LEERSTRATEGIE (2021-2025)

1 Inleiding 1

2 Die NWU-konteks 2

2.1 Opvoedkundige Benadering tot die uitdagings van die een-en-twintigste eeu 3

2.1.1 Volhoubare ontwikkelingsdoelwitte 4

2.1.2 Een-en-twintigste-eeuse vaardighede 4

2.2 Die skep van 'n meer responsiewe hoëronderwysstelsel 5

2.3 Multimodale onderwys en e-Leer 5

2.3.1 Leierskap in multimodale onderwys 6

2.3.2 Ontwikkeling van e-Leer-vermoëns vir innoverende onderrig-leer-ontwerpe 6

2.4 Die ontwerp van sinvolle leerervarings 6

3 Beginsels wat rigtinggewend was vir strategieformulering 7

4 Die Doel van die OL-strategie 8

5 Visie en Missie, en Strategiese Doelwitte vir onderrig en leer aan die NWU 9

5.1 Visie 9

5.2 Missie 9

5.3 Strategiese Doelwitte 9

6 Sleutel- Strategiese Dryfvere 10

6.1 Korporatiewebestuursreëlings vir onderrig en leer 10

6.2 Kwalifikasie- en Akademieseprogrambeplanning, -ontwerp en -ontwikkeling 10

6.3 Onderrig-Leer-innovasie 10

6.4 Werwing, ontwikkeling en retensie van talentvolle personeel 11

6.5 Studentetoegang, -retensie en -sukses 11

6.6 Kurrikulumtransformasie en -vernuwing 12

6.7 'n Instaatstellende onderrig- en leeromgewing 13

7 Graduandi-eienskappe 14

7.1 Werkgereedheid 15

7.1.1 Kundige, hoogs opgeleide individue en beroepslui 15

7.1.2 Entrepreneurs 15

7.2 Noodsaaklike oordraagbare vaardighede 15

7.2.1 Innoverende, kritiese denkers 15

7.2.2 Beginselvaste leiers 16

7.2.3 Doeltreffende kommunikeerders 16

7.2.4 Vaardige medewerkers en spanlede 16

7.3 Verantwoordelike en betrokke lede van die samelewing 16

8 Die NWU HyFlex OL-model 17

9 Gevolgtrekking 20

Kantoor van die Adjunkvisekanselier: Onderrig en Leer

NOORDWES-UNIVERSITEIT ONDERRIG- EN LEERSTRATEGIE (2021-2025)

Goedgekeur deur die NWU-Senaat op 21 Oktober 2020, NWU-Raad op 19 November 2020

Goedgekeur deur die NWU-Senaat op 19 Oktober 2023, NWU-Raad op 16 November 2023

1 Inleiding[1]

Die Noordwes-Universiteit (NWU) se Onderrig- en Leerstrategie (2016-2020) is op 23 Junie 2016 deur die Raad goedgekeur na drie jaar van besinning, bespreking en oorlegpleging gedurende 'n tyd van universiteitsherstrukturering. Die NWU het sedertdien sy agt-fakulteit-multikampus- unitêre bestuursmodel gevestig. Onderrig-leer-leierskap binne fakulteite en binne OL-ondersteuningseenhede is gevestig, en die hersiene Onderrig-, Leer- en Assesseringsbeleid en -reëls is in 2019 deur die Raad goedgekeur. Tydens 'n Senaatsvergadering op 27 Februarie 2019 is die proses van oorlegpleging goedgekeur om die OL-strategie (2016-2020) te hersien met die oog op die implementering van die hersiene Strategie in Januarie 2021.

Die hersiening het geskied in ooreenstemming met nasionale hoëronderwysbeleidsriglyne, nasionale en internasionale verwikkelings in hoër onderwys, die doelwitte en rigtings wat in die NWU-strategie (2015-2025), relevante NWU regulatoriese dokumente en die NWU O&L HyFlex-model geformuleer is. Voorts het die agt NWU-fakulteite sedert 2018 elk 'n Fakulteitsgeïntegreerde Onderrig- en Leerplan (FGOLP) opgestel om te dien as riglyn vir strategiese doelwitte vir OL-ontwikkeling en -transformasie, met inbegrip van die Kurrikulumprojek[2]. Sáám vorm hierdie agt FGOLP's die NWU se mediumtermyn-OL- en -kurrikulumplan, geskoei op die langertermyn NWU Strategiese Voorneme en die OL-strategie. Die FGOLP's gee toeligting oor fakulteite se missies, doelwitte, transformasie- en ontwikkelingsinisiatiewe en -teikens, personeel en studente se vermoëns, rolle en verantwoordelikhede, en ander aangeleenthede m.b.t. onderrig, leer, en assessering binne die unieke konteks van elk.

Uiteindelik is die OL-strategie die manier waarop ons vir onsself beskryf watter kenmerke binne die onderrig-, leer- en kurrikulumprojek ons graag wil sien op watter vlakke van kompleksiteit (studiejare), en vir welke doel (uitkomste, vaardighede, bevoegdhede, kennisstelle of kombinasies daarvan) oor alle FGOLP's heen. Die OL-strategie is dus 'n "kompas" vir die "kaarte" wat die Planne is: Die Strategie gee rigting, die Planne karteer die terrein wat gedek moet word, en die reis is die kurrikulum se oorsprong, verloop en bestemmings. Die O&L HyFlex-model definieer die speelveld m.b.t. die O&L-strategie en FGOLP's, sowel as die maniere waarop die akademiese aanbiedinge geoperasionaliseer kan word.

Oor die afgelope vyf jaar is baie gedoen aangaande transformasie van die kurrikulum, die OL-omgewing, professionalisering van universiteitsonderrig, en belyning van akademiese standaarde, studenteondersteuning en die studenteleerervaring, alles onlosmaaklik deel van die strewe na:

- kwaliteit, koherensie, volhoubaarheid en oorkampusbelyning van die akademiese aanbod,
- maatskaplike geregtigheid, meertaligheid en kulturele inklusiwiteit,
- responsiwiteit m.b.t. omgewings-, ekonomiese en politieke veranderings,
- om relevant te wees vir die huidige en toekomstige behoeftes van die gemeenskappe wat ons dien,
- kwaliteit van die studenteleerervaring op elk van die NWU-kampusse, en in afstandsonderrig, en
- uitnemendheid in onderrig-leer wat navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid ondersteun.

'n Sleutelaspek van die verwesenliking van die strategie is die ontwikkeling van medium- tot langtermyn bedryfsplanne. Die FGOLP's, Fakulteitstaalplanne, die NWU-kurrikulumraamwerk, die OL-tegnologieplan,

[1] Alle konsepte wat verduideliking verg, word gedefinieer in die NWU-woordelys van Onderrig-Leer-verwante akronieme, konsepte en benamings wat saam met hierdie Strategiedokument gelees moet word.

[2] Die NWU-kurrikulumprojek behels 'n PKM-hersiening oor die volgende driejaartydperk om 'n responsiewe en finansieel lewensvatbare akademiese aanbod te verseker, en dat die grootte en vorm van die akademiese aanbod belyn is met a) die mandaat van 'n tradisionele universiteit, b) die NWU se strategiese fokus en markrigting, c) NWU-transformasiedoelwitte, en c) die DHOO-vereiste van minder proliferasie van kwalifikasies op voorgraadse vlak, met spesialisasie eerder op 'n latere stadium in die studente akademiese lewensiklus. Sien ook par. 6.2 en 6.6

en verwante bedryfsbegrotings is sommige van die instrumente waardeur transformasie, belyning en bereiking van die OL-strategie-aspirasies gemanifesteer word.

Die OL-strategiedokument verduidelik relevante elemente van die NWU-konteks en die beginsels wat strategie-formulering ten grondslag gelê het. Daarna word die doel, visie, missie en strategiese doelwitte van die OL-strategie verduidelik, gevolg deur die strategiese dryfvere, en die beoogde NWU-graduandi-eienskappe. Die OL-strategie dien as raamwerk vir die Universiteit se pogings om sy strategiese agenda van uitnemendheid in innoverende onderrig en leer van hoë gehalte te verwesenlik – tot voordeel van sy belanghebbers, veral studente, en die gemeenskappe wat gedien word.

2 Die NWU-konteks

Die NWU is 'n tradisionele universiteit, met 'n fokus op onderrig en leer, wat navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid ondersteun. As sodanig is voorgraadse onderrig en leer 'n hooffokus, en onderrigpersoneel het die akademiese vryheid om onderrig- en leergeleenthede te skep wat ontwerp is om voorgraadse en nagraadse studente in die aard van akademiese kennis in te lei. Navorsing in onderrig en leer kenmerkend van 'n tradisionele universiteit behels 'n besondere fokus op hoe kennis vanaf die eerste jaar gekonstrueer, oorgedra en versprei word. Akademiese personeel het die geleentheid om daarvan bewys te lewer in die gebruik van outentieke dissipline-spesifieke tekste en leermateriaal.

In sy verbintenis tot akademiese vryheid erken die NWU eweneens dat dissiplines op verskillende maniere 'ken', en dit word weerspieël in die wyse waarop kennis en kennis gekommunikeer word. Dit beteken dat akademiese personeel, in die uitoefening van akademiese vryheid, die verantwoordelikheid het om leermateriaal te ontwikkel op 'n wyse wat die leerbehoeftes van alle studente binne dissiplinêre kontekste ondersteun. Op hierdie manier word studente ondersteun met betrekking tot wat hulle moet leer binne hul dissiplines deur responsiewe, interne kurrikulumgebaseerde inisiatiewe.

Dit is die voorneme van die NWU om sy studente voor te berei op die lewe en die wêreld van werk, om 'n kultuur van innovasie te skep ten einde oplossings te vind vir werklike probleme, sodat hulle konstruktief kan deelneem aan die openbare lewe, en vervullende professionele en persoonlike lewens kan lei. Om hierdie doelwit te bereik, sal die Universiteit responsief wees tot ten minste drie erkende paradigmas m.b.t. die rol van die Universiteit:

- Die pedagogiese paradigma[3] is gemoeid met die Universiteit se verantwoordelikheid om opleiding aan studente te verskaf – nie net in dissiplines nie, maar ook wat betref die vaardighede wat verband hou met gesamentlike, samewerkende en selfgerigte leer wat lei tot die manifestasie van ons graduandi-eienskappe. In aansluiting by die oudste idee of tradisie van die universiteit beklemtoon dit die dosent se rol in die ondersteuning van en leiding aan 'n student, en om hom of haar te lei na selfrigting, aktualisering en outonomie as 'n verantwoordelike intellektueel en burger. 'n Belangrike fokuspunt van hierdie paradigma, soos byvoorbeeld geartikuleer deur die Duitse idee van "Bildung" ("Moaho" in Sesotho), wat gekomplementeer kan word deur 'n Afrika-filosofie-episteme van intellektuele besinning genaamd "onuma", is dat die student 'n punt moet bereik waar hy/sy beskou kan word as 'n goed afgeronde intellektueel met die kritiese vermoëns om 'n lewenslange, waardegedrewe pad van interaksie met kennis en werklikheidsbeskouinge, en hul toepassing op verskeie kontekste, te betree.
- Die kognitiewe paradigma dui op die Universiteit se rol in die uitbreiding van kennis. In teenstelling met eersgenoemde paradigma is hierdie paradigma nie in die eerste plek gemik op die vorming van mense nie, maar op die fasilitering van kennisverkryging. Die idee is om studente vertroud te maak met die konteks, inhoud, intellektuele vaardighede en instrumente om outonome leerders, navorsers en beroepslui te word.
- Die pragmatiese of instrumentalistiese paradigma beklemtoon die praktiese rol wat die Universiteit moet speel in die voorbereiding van studente om "nuttige" lede van die samelewing te word. Deur beklemtoning van die Universiteit se skakels en interaksie met die maatskaplike omgewing dien hierdie model as teëvoeter vir die persepsie van die Universiteit as 'n ivoortoring.

Terwyl die eerste twee paradigmas responsiwiteit tot die interne en sentrale doelwit van 'n universiteit benadruk (d.w.s. akademiese kennis), beskou die instrumentalistiese paradigma die Universiteit as óók responsief tot eksterne doelwitte (bv. die ekonomie, maatskaplike en kulturele diversiteit en geregtigheid, tegnologiese ontwikkeling, die verskillende beroepe, ens.). Die invloed van hierdie paradigmas wissel na gelang van die aard en vlak van kwalifikasies en studierigtings, – en spesifiek of hulle algemeen-formatief, professioneel, of beroepsgerig en tegnies van aard is. Nietemin moet dit alles in ag geneem word in die ontwerp van onderrig- en leerervarings wat studente voorberei op die lewe en die wêreld van werk in die 21ste-eeuse samelewing.

[3] Kivunja, C. 2014 Do you want your students to be job-ready with 21st century skills? Change pedagogies. International Journal of Higher Education, Vol 2(3): 81-91. Geen verdere verwysings word spesifiek aangedui nie aangesien hierdie paradigmas dissiplinespesifiek is. Hierdie definisies is spesifiek tot die NWU-konteks. Sien ook die NWU-glossarium.

Die OL-strategie het 'n ambisieuse agenda, wat die vermoë noodsaak om hoëgehaltepersoneel te lok, te behou, te erken en te beloon, 'n instaatstellende onderrig-leer-omgewing en toepaslike stelsels vir studentetoegang, -behoud en -sukses, intydse toegang tot leer- en leerderdata en aansienlike voortgesette belegging in fisiese, inligting- en tegnologiese hulpbronne[4]. Dit is 'n bekende feit dat Suid-Afrika se lae studentesukseskoerse sistemies van aard is, en sy oorsprong in die skoolstelsel het. Alhoewel universiteite nie al die oorsake van swak prestasie kan beheer nie, moet hulle inisiatiewe implementeer om die artikulasiegaping[5] te laat krimp. Die OL-strategie verdoesel nie hierdie uitdagings nie. Die uitdagings word erken en aanvaar, binne 'n oorkoepelende verbintenis om die nodige toestande te skep en te handhaaf wat dit vir alle studente aan die NWU sal moontlik maak om sukses te behaal.

Die res van hierdie afdeling wei uit oor internasionale en nasionale verwikkelings wat help vorm gee aan die NWU se verstaan van die konteks waarbinne die OL-strategie moet funksioneer. Sommige van hierdie faktore spruit voort uit kontekstuele uitdagings en geleenthede m.b.t. die Suid-Afrikaanse hoëronderwysstelsel, terwyl ander faktore verband hou met die vinnig veranderende omgewing waarbinne hoëronderwysstelsels plaaslik en internasionaal funksioneer.

2.1 Opvoedkundige Benadering tot die uitdagings van die een-en-twintigste eeu

Die NWU streef daarna om sy studente voor te berei om ten volle voordeel te trek uit 'n vinnig veranderende wêreld waar tegnologie mense en organisasies se horisonne verbreed, vorm gee aan menslike, maatskaplike, kulturele en organisatoriese interaksie op 'n nasionale en globale skaal, en sowel die aard van werk as die definisie van indiensneming beïnvloed. Van besondere belang is die voorbereiding van NWU-studente vir volhoubare betrokkenheid by sinvolle en produktiewe werk en vir entrepreneuriese aktiwiteite. Die NWU is verbind tot die opvoeding van kundige, vaardige en waardegedrewe graduandi wat in staat is om 21ste-eeuse uitdagings op 'n outentieke, innoverende en kritiese wyse aan te pak, en sodoende konstruktief by te dra tot gemeenskappe, die samelewing en die beroepe.

Die NWU is daartoe verbind om 'n opvoedkundige ervaring aan sy studente te bied wat hulle daarop sal voorberei om relevante uitdagings met betrekking tot 21ste-eeuse werk, samelewing, kultuur, ekonomie, ekologie en politiek op 'n outentieke manier aan te pak en om verantwoordelike burgers te word. Dit verg 'n uitkomsgerigte, studentgesentreerde opvoedkundige benadering gefokus op ondersoekende, aktiewe, deelnemende, gesamentlike, samewerkende en selfgerigte leer binne 'n ondersteunende, responsiewe, en instaatstellende onderrig- en leeromgewing. Hierdie omgewing moet gebaseer wees op sinvolle onderrig- en leerontwerpe, versterk deur toepaslike tegnologieë en hulpbronne.

Gedurende alle studiejare word onderrig en leer as dinamiese, interaktiewe prosesse beskou waarvoor NWU-personeel en studente 'n gedeelde verantwoordelikheid het, afhangende van die vlak van studie en die aard en vereistes van die dissipline. Die Universiteit streef daarna om sy studente toe te rus met die bevoegdhede om kennis te ontdek en koherente begrip te skep deur die kritiese ontleding, evaluering, organisasie en sintese van inligting in 'n verskeidenheid kontekste ten einde hulle voor te berei om produktiewe lede van hul sosiale, akademiese en professionele gemeenskappe te word.

In die lig daarvan dat NWU-studente uiteenlopende maatskaplike en opvoedkundige agtergronde, leerbehoeftes en verwagtinge het, erken die Universiteit sy verantwoordelikheid om 'n responsiewe, toeganklike en ondersteunende leerervaring aan studente te bied wat hulle bemagtig om toenemend groter verantwoordelikheid vir hul eie leer te aanvaar. Studente-ondersteuning is die sleutel tot studentesukses. Die leerervaringe is ontwerp om studente in staat te stel om op 'n beredeneerde wyse rekenskap te gee van hul eie oortuigings, praktyke en houdings en om ingebedde sosio-kulturele konstrukte en oortuigings uit te daag. Die NWU-benadering is belyn met die Nasionale Kwalifikasieraamwerk se eis vir 'n progressiewe toename in studenteleeroutonomie en selfverantwoordelikheid op verskillende kwalifikasievlakke, en van die eerste tot die finale jaar van studie.

Akademici speel verskeie rolle in die ontwikkeling van programargitektuur, en die ontwerp en aflewering van leerervarings wat optimale geleenthede aan hul studente bied om die vermoëns te ontwikkel om kennis te ontdek en begrip tot stand te bring. Dit sluit in die rolle van kurrikulumontwerper en -ontwikkelaar, leerfasiliteerder of leerbemiddelaar, leermateriaalontwikkelaar, assessor, lewenslange leerder en navorser en vakinhoudkundige. In die uitvoering van hierdie rolle sal lede van die akademiese personeel met professionele ondersteuningspersoneel saamwerk, en deur hulle ondersteun word. Hulle sal ook geleenthede skep om met studente in gesprek te tree oor die ontwerp van die kurrikulum, onderrig- en assesseringsbenaderings, hul leerbehoeftes en die ondersteuning wat aan hulle gebied word. Gesprekvoering oor die kurrikulum beteken dat akademiese personeel, as dissiplinêre kundiges, kritiese bespreking met studente verwelkom oor die

[4] Binne die konteks van toenemende begrotingsbeperkings.

[5] Die onvoorbereidheid van studente wat tot die hoëronderwysstelsel toetree, verg uiteindelik 'n sterker fokus op strukturele veranderinge aan die kernbesigheid van onderrig en leer en 'n kurrikulum wat meer buigsaam is om diversiteit te akkommodeer en om alle studente aktief tydens onderrig te betrek, ongeag hul vlak van voorbereidheid. 'n Klemverskuiwing na assesserings wat leer bevorder en nie net toetsing van leer bevorder nie, moet meer algemeen word.

konstruksie en validering van kennis, en die seleksie van kennis binne die kurrikulum. Op hierdie wyse sal akademiese personeel 'n deelnemende benadering volg, en met lede van professionele ondersteuningspersoneel met kundigheid in kurrikulumteorie, onderrig en leer, leertegnologieë en -ontwerp saamwerk om leerervaringe te skep en te implementeer wat die bereiking van die kwalifikasie- en programuitkomstes en geassosieerde graduandi-eienskappe ondersteun.

2.1.1 Volhoubare ontwikkelingsdoelwitte[6]

Die NWU streef ook daarna om sy studente op te lei om deeglik bewus te wees van en 'n bydrae te lewer tot die volhoubare ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing, die vasteland van Afrika en die breër globale gemeenskap. Op 25 September 2015 het die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies die 2030 Agenda vir Volhoubare Ontwikkeling aanvaar om ons wêreld te transformeer deur werk te maak van groot globale uitdagings wat die langtermynvolhoubaarheid van die globale samelewing bedreig. Hierdie omvattende agenda spreek sewentien doelwitte aan wat verband hou met die ekonomiese, maatskaplike en omgewingstoestande wat die lewensgehalte van alle mense sal verbeter. As belanghebber en globale medewerker in die UN Global Compact, is die NWU daartoe verbind om deur middel van sy kurrikulumprojek relevante volhoubaarheidsdoelwitte aan te spreek om onder meer te verseker dat sy graduandi van plan is om aktief na geleenthede te soek om by te dra tot die verligting van armoede en werkloosheid, bevordering van volhoubare ekonomiese groei en verbruikspatrone, beveiliging van ons planeet, bevordering van vreedsame en inklusiewe samelewings en die bereiking van gelykheid en bemagtiging van alle mense met wie hulle in aanraking kom. Hierdie belangrike fokuspunte moet deur die kurrikulum deurdring in verskeie formate en met tasbare uitkomste, afhangende van die aard en fokus van die formele en nie-formele akademiese aanbod. Voorbereiding van studente vir die wêreld van werk moet noodwendig ook insluit dat hulle voorberei word vir die lewe in 'n samelewing wat mense nodig het wat in staat en gewillig is om rentmeesters van hierdie noodsaaklike dinge te wees en sinvol aan interkulturele dialoog deel te neem, met respek vir sosio-kulturele diversiteit soos dit uitdrukking vind in verskillende tale, godsdienste, wêreldbeskouings, leefwyses, tradisies en patrone van sosiale organisasie.

2.1.2 Een-en-twintigste-eeuse vaardighede

Grondslaggeletterdheide **Hoe studente kernvaardighede op alledaagse take toepas**	**Oordraagbare vaardighede** **Hoe studente komplekse uitdagings benader**	**Karaktereienskappe** **Hoe studente hul veranderende omgewing benader**
Geletterdheid	**Kritiese denke, komplekse probleemoplossing en besluitneming**	**Weetgierigheid**
Gesyferdheid	**Onderhandelingsvaardighede**	**Inisiatief**
Wetenskaplike geletterdheid	**Kreatiwiteit**	**Volharding**
e-Leer-geletterdheid (Tegnologie, IKT, digitaal) (met inagname van 4IR en die implikasie daarvan vir kurrikulumontwerp en -uitkomste)[7]	**Kommunikasievaardighede**	**Maatskaplike, omgewings-, geslags- en kulturele bewustheid**
Finansiële geletterdheid	**Entrepreneuriese denke**	**Leierskap**
Visuele geletterdheid	**Samewerking en spanwerk**	**Aanpasbaarheid**
Inligtingsgeletterdheid	**Lewenslange leer**	**Emosionele intelligensie**
Kulturele en burgerlike geletterdheid	**Spanbestuur**	**Integriteit**

[6] The United Nations. 2015. Transforming our World: the 2030 Agenda for Sustainable Development (A/RES/70/1). Besoek https://www.un.org/sustainabledevelopment/sustainable-development-goals/

[7] Ook gebaseer op die ervaring van ontwrigtings wat meegebring word deur politieke en/of natuurlike woelinge, soos die Covid-19-pandemie, 2020

Sukses in die 21ste eeu vereis om te weet hoe om te leer en hoe om verandering te bestuur en daarby aan te pas Dit is noodsaaklik dat studente robuuste kritiese denk-, probleemoplossings-, sowel as inter- en intrapersoonlike kommunikasievaardighede ontwikkel om suksesvol te wees in 'n toenemend vloeibare, verweefde en komplekse wêreld. Die NWU sal die geleenthede wat tegnologie bied, gebruik om 21ste-eeuse onderrig en die vaardighede wat deur die 21ste-eeuse dosent benodig word, te herbedink, met die fokus op die voorbereiding van studente om lewenslange leerders te wees.

2.2 Die skep van 'n meer responsiewe hoëronderwysstelsel

'n Tweede faktor wat vorm gee aan hierdie OL-strategie is die kontekstuele geleenthede en uitdagings wat die Suid-Afrikaanse hoëronderwysstelsel in die gesig staar. Wat onderrig en leer aanbetref, is dit veral belangrik om aandag te gee aan uitdagings met betrekking tot die lae oorkoepelende deelnamekoers, met ongelykhede wat betref ras en sosiale klas, hoë wegkwyningskoers en lae voltooiingskoers, die nodigheid vir kurrikulumhervorming, en swak artikulasie met ander komponente van die post-sekondêre stelsel. Regeringsinisiatiewe om die bydrae wat hoër onderwys tot nasionale ontwikkeling en maatskaplike transformasiedoelwitte lewer te versterk, sluit die volgende in:

- 'n Toename in totale studentegetalle vir die openbare universiteitsektor, van 973 000 studente in 2011 tot ongeveer 1,6 miljoen inskrywings in 2030[8]
- Hersiening/ontleding en verbetering van die benutting van die geleenthede wat afstandsonderrig bied om die hoëronderwysstelsel uit te brei[9];
- Verdere verbetering van studentedeurvloei- en retensiekoerse, deur die gehalte van onderrig en leer te verbeter, en verdere versterking van die onderrigbevoegdheid van akademiese personeel[10].

In antwoord op bogenoemde doelwitte poog die Universiteit om onderrig en leer van 'n hoë gehalte te bied wat weerspieël sal word in studente se sukseskoers, die uitkomste van eksterne eweknie-evaluerings, werkgewerterugvoer oor graduandi, studentetevredenheid, die indiensneembaarheid van graduandi en hul entrepreneuriese vaardighede. Voorts, met betrekking tot volhoubaarheid, en met die NWU se interne suksesmodel in gedagte, impliseer responsiwiteit noukeurige akademiese beplanning wat betref die mees toepaslike gedeelte van voorgraadse/nagraadse nasionale en internasionale studente, die vernaamste studierigtings en akademiese programnisse, geskikte afleweringsmodusse vir verskillende kwalifikasies en studenteprofiele, en behoud van 'n mededingende voordeel – en dit alles terwyl die Universiteit finansieel lewensvatbaar en markgedrewe bly[11].

2.3 Multimodale onderwys en e-Leer[12]

Die tradisionele kampusgebaseerde model van hoër onderwys kan die uitdagings van verhoogde toegang tot hoëgehalteleergeleenthede binne die Suid-Afrikaanse hoëronderwysstelsel net gedeeltelik die hoof bied. Die beskikbare befondsing van openbare en ander bronne sal nie die uitbreiding van universiteitskampusse kan ondersteun op 'n skaal wat in ooreenstemming is met die groter wordende studentebevolking nie. Verder kan studente vir finansiële, loopbaan- of ander redes kies om deur middel van afstandsleer te studeer. Terwyl die opvoedkundige ervaring van studente op NWU-kampusse dus voortdurend verbeter word, moet die Universiteit ook voortbou op sy aansienlike ervaring in die aflewering van akademiese programme deur middel van die afstandsmodus, en toenemend deur e-Leer-vermoëns waar toepaslik.

---

[8] Maatskaplike Inklusiwiteit in die Naskoolse Onderwys- en Opleidingstelsel (2016), die Konsep-NKR-artikulasiebeleid, die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 (2012), die Witskrif vir Naskoolse Onderwys en Opleiding (2013), die Beleid vir die Voorsiening van Afstandsonderrig in Suid-Afrikaanse Universiteite in die Konteks van 'n Geïntegreerde Naskoolse Stelsel (2014), die Beleidsraamwerk oor Differensiasie in die Suid-Afrikaanse Naskoolse Stelsel (2014), die Beleidsraamwerk vir die verwesenliking van (2016), en die Strategiese Beleidsraamwerk oor Gestremdheid vir die Naskoolse Onderwys- en Opleidingstelsel (2018).

[9] Kapasiteitsbeperkings vir bykomende afstandaanbiedinge moet altyd in ag geneem word. Die NWU sal dalk in suiwer aanlyn aanbieding van 'n groter aantal afstandskwalifikasies moet belê, veral op nagraadse vlak vir werkende individue. Investering in 'n intydse aanlyn digitale aangesig-tot-aangesig-betrokkenheid-platform (een-tot-baie) is noodsaaklik in hierdie konteks.

[10] Selfs bekwame dosente sal sukkel as studente:personeel-verhoudings nie op 'n realistiese wyse bestuur word nie. Groei van studentegetalle sonder gepaardgaande groei in die aantal dosente sal studentesukseskoerse en deurvloei negatief beïnvloed.

[11] Verwysingsdokumente wat geraadpleeg is: Inklusiwiteit in die Naskoolse Onderwys- en Opleidingstelsel (2016), die Konsep-NKR-artikulasiebeleid, verskeie beplannings- en beleidsdokumente insluitend die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 (2012), die Witskrif vir Naskoolse Onderwys en Opleiding (2013), die Beleid vir die Voorsiening van Afstandsonderrig in Suid-Afrikaanse Universiteite in die Konteks van 'n Geïntegreerde Naskoolse Stelsel (2014), die Beleidsraamwerk oor Differensiasie in die Suid-Afrikaanse Naskoolse Stelsel (2014), die Beleidsraamwerk vir die verwesenliking van (2016), en die Strategiese Beleidsraamwerk oor Gestremdheid vir die Naskoolse Onderwys- en Opleidingstelsel (2018).

[12] e-Leer word duidelik gedefinieer in die Glossarium van OL-verwante konsepte.

2.3.1 Leierskap in multimodale onderwys

Tans word die NWU erken as een van die nasionale leiers in multimodale voorsiening[13]. Die NWU gaan voort om studies te ondersteun deur formele kontak- en afstandsafleweringsmodusse in die lig van veranderende wêreldwye tendense in die onderwys, en om by te dra tot die behoefte aan groter toegang en meer geleenthede vir lewenslange leer. Dit kan die ondersteuning van studente deur volledig aanlyn en vervlegte leergeleenthede insluit soos die behoefte ontstaan en geleenthede hulself voordoen. Die NWU gaan voort om sy studente van buigsame leer-geleenthede te voorsien binne 'n konteks van toenemende hulpbronbeperkinge, onvoorspelbare omgewings, en veranderende patrone in studenteaanvraag. Die pedagogiese benaderings en vorms van studenteondersteuning sal die profiel en spesifieke behoeftes van studente wat deur elke afleweringsmodus studeer, in ag neem, en sal gerig word deur die realiteite van ruimtelike en, in 'n mindere mate, temporele skeiding in elke afleweringsmodus.

In ooreenstemming met FGOLP's erken die Universiteit dat die eise van afstandsleer van dissipline tot dissipline sal verskil, en dat hierdie afleweringsmodus nie noodwendig gepas of haalbaar sal wees in alle dissiplines nie, soos dié met 'n sterk praktiese, laboratoriumgebaseerde of kliniese komponent. Die oorwegings wat die aanbieding van kwalifikasies deur middel van afstandsonderrig sal help bepaal, is dus die vermoë om effektiewe leer te ondersteun, sowel as toepaslike aanlyn akademiese en administratiewe ondersteuningstrukture, mentorskap vir afstandstudente waar die afstandsprogram 'n eksplisiete aanlyn teenwoordigheid het, die studenteprofiel, en die moontlikheid om skaalbesparing te bewerkstellig.

Die aard van die onderrig-leer-ontwerp, onderrigmetodologieë, gebruik van toepaslike tegnologieë en studente-ondersteuningsmehanismes en -geleenthede bly dus belangrik ongeag die afleweringsmodus, ten einde 'n hoëgehalteleerervaring vir NWU-studente te verseker. Die NWU is verbind tot ekwivalente akademiese standaarde ongeag die afleweringsmodus of -plek van 'n kwalifikasie, en gelykheid van aansien vir kwalifikasies, akademiese programme en leergeleenthede en -ervarings

2.3.2 Ontwikkeling van e-Leer-vermoëns vir innoverende onderrig-leer-ontwerpe

Daar is 'n dringendheid met betrekking tot die uitgebreide gebruik van e-Leer in formele en nie-formele aanbiedinge. Die NWU-benadering tot tegnologie-integrasie sluit in beplanning vir die verligting van uitsluiting en beter ondersteuning vir studente en personeel ten opsigte van onderrig, leer en assessering.

Deeglike besluitneming rakende die gebruik van e-Leer vir uiteenlopende studenteprofiele en -kontekste is dus noodsaaklik om te verseker dat NWU-studente gelyke kanse het om sukses te behaal in hul studies, ongeag die afleweringsmodus. Die ontwikkeling van e-Leer-bevoegdhede van personeel en studente, en die ontwikkeling van die onderrig- en leeromgewing om e-Leer-integrasie en aanlyn leer te bevorder, val binne die mandaat van die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL).

Onlangse en deurlopende vooruitgang in e-Leertegnologieë en die "hype" rondom die 4NR[14] bied aan die NWU talle geleenthede om betrokke te raak by 'n proses van digitale en pedagogiese innovasie. Op grond van hierdie ontwikkelings is die Universiteit in die proses om groter kapasiteit te ontwikkel om betrokke te raak by vervlegte leer, aanlyn leer, virtuele leer en ander onderrig-leer-ontwerpe. Voordele van hierdie verskillende soorte onderrig-leer-ontwerpe sluit in groter buigsaamheid, groter toeganklikheid en deelname, aanpasbare leer en verbeterde studente-ondersteuningsgeleenthede.

In die ontwerp van kurrikulums en innoverende onderrig en leer sal die fokus nooit primêr op die gebruik en vermoëns van tegnologie wees nie, maar eerder op hoe die tegnologie die studenteleerervaring en transformerende pedagogiese praktyke kan ondersteun en verbeter, die verbetering van doeltreffendheid en die versekering van doeltreffende ondersteuning vir personeel en studente.

2.4 Die ontwerp van sinvolle leerervarings

Die konteks waarin mense leer, is konstant aan die verander. Studente leef in 'n onvoorspelbare wêreld, waar baie van die loopbane wat hulle eendag sal volg nog nie eers bestaan nie. Die uitdaging vir opvoeders is om betekenisvolle leerervarings te ontwerp wat studente betrek by geleenthede om die kritiese, evaluerende en navorsingsvaardighede te verwerf wat hulle in staat sal stel om koherente begrip in 'n verskeidenheid kontekste

[13] NWU-studentegetalle het in 2017 op 61 212 gestaan; 43 418 studente ingeskryf vir kontakmodus, 17 794 studente ingeskryf vir afstandsmodus. Nasionaal is die NWU steeds die 2de grootste openbare hoëronderwysverskaffer in afstandsmodus en die 4de grootste openbare hoëronderwysverskaffer in kontakmodus (Statistiek oor Naskoolse Onderwys en Opleiding in Suid-Afrika, DHOO, 2018).

[14] 4NR impliseer 'n OL-omgewing waarin ontwrigtende tegnologieë en tendense soos die internet van dinge, robotika, kunsmatige intelligensie en virtuele realiteit die manier waarop ons studente leer en ons akademici onderrig, verander. Die NWU is ernstig daaroor om studente bewus te maak van die implikasies van 4NR, en hulle so gereeld moontlik aan ontwrigtende tegnologieë en tendense bloot te stel, en is besig om sy eerste Digitale Besigheidstrategie te ontwikkel. Die Universiteit het nog 'n lang pad om te gaan voordat ons 4NR werklik in onderrig, leer en assessering kan aanwend.

te vorm, en om te ontwikkel tot lewenslange leerders wat in ’n snel groeiende en dikwels onsekere wêreld sal floreer.

In die bereiking van hierdie doelwit poog die Universiteit om personeel te ondersteun en te ontwikkel vanuit ’n befondsings- en hulpbrontoewysingsperspektief. Die Universiteit poog ook om studente by meer inklusiewe en verpersoonlikte leerervarings te betrek wat op hul uiteenlopende leerbehoeftes en digitale vaardighede toegespits is, en wat uit ’n groter verskeidenheid leeraktiwiteite bestaan. Gepersonaliseerde leerervarings moet berus op leer- en leerderanalise, gegenereer uit toepaslike onderrig- en leerdata.

Leerervarings sal, waar toepaslik en voordelig, studente-interaksie met gemeenskappe en die wêreld van werk bied deur middel van werkgeïntegreerde leer en gemeenskapsbetrokke diensleergeleenthede Sodanige betrokkenheid sal geïntegreer word in onderrig-leer-ontwerpe en moet te alle tye volhoubaar en wedersyds voordelig wees, en belyn wees met gemeenskapsbehoeftes. Die NWU is van voorneme om hierdie geleenthede vir betrokkenheid te benut om studente beter voor te berei vir die wêreld van werk, en om ’n kultuur van verantwoordelike en aktiewe deelname in die burgerlike samelewing, burgerskap en omgewingsrentmeesterskap te bevorder.

Die ontwikkeling en finalisering van ’n NWU OL Digitale Transformasieplan is ’n dringende saak wat aandag geniet. Hierdie plan sal insluit: die vervlegteleer-strategie, die multimodale strategie, aangeleenthede wat verband hou met tegnologietoegang, die ontwikkeling van digitale aflyn kapasiteit met sommige aanlyn komponente, en die oorbrugging van die digitale gaping[15]. Die Plan sal ook fokus op beginsels vir hulpbronontwerp en -ontwikkeling, insluitend leerhulpbronontwikkeling en ontwikkeling van die fisiese en virtuele onderrig- en leeromgewing.

Die volgende ontwerpprioriteite en -tendense op die gebied van leerontwerp is geïdentifiseer vir toepassing en implementering oor verloop van die volgende vyf jaar:

- Die beginsels van ’n Universele Ontwerp vir Leer (UOL[16])-benadering word nagekom en handel oor die idees van gepersonaliseerde/aanpasbare/transformatiewe/studentgesentreerde leer;
- Opvoedkundige benaderings geskik vir dissiplinêre konteks en kennistipes;
- ’n Vervlegteleer-benadering vir verbeterde toeganklikheid en buigsaamheid van leer;
- ’n Fokus op leerontwerp op die internalisering van graduandi-eienskappe om werkgereedheid en indiensneembaarheid van graduandi te verbeter;
- Sien toe dat kurrikulums van akademiese programme studente in staat stel om interaksie te hê met gemeenskappe buite die Universiteit om egtheid en werklike uitdagings aan te moedig;
- Sien toe dat kurrikulumvernuwing toekomsgerig is, met interaksie met verskeie eksterne rolspelers om kurrikulums te ontwerp wat maatskaplike en omgewingsuitdagings sal aanspreek (ook met inagneming van multi-, inter- en intra-dissiplinêre leer en toepassing van leer;
- Sien toe dat kurrikulumontwerp en -vernuwing deur data ondersteun word; en
- Sien toe dat leer ontwerp is vir aktiewe betrokkenheid by ’n groot verskeidenheid media en geleenthede vir onafhanklike, selfgerigte en samewerkende leer.

Kurrikulumontwerp en -vernuwing is ’n deurlopende reflektiewe, sikliese, analitiese proses, en kwalifikasiestandaarde is die spil wat (’n studentgesentreerde) kurrikulumontwikkeling (om stimulerende en intellektueel uitdagende programme te lewer) sal lei.

3 Beginsels wat rigtinggewend was vir strategieformulering

Die Noordwes-Universiteit is verbind tot die verskaffing van dissipline-spesifieke, teorie-ingeligte en responsiewe pedagogie, met ’n fokus op assessering vir, van, en as leer, en die integrasie van dissiplinêre geletterdheid, akademiese ontwikkeling en ondersteuning vir die verbetering van kwaliteite, vaardighede en begrip wat nodig is vir indiensneming, globale burgerskap en die eise van die een-en-twintigste eeu. Die formulering van die NWU se OL-strategie berus op die volgende beginsels:

- Bevordering van die vakkundigheid van onderrig en leer ten einde ondersoekende gemeenskappe te ondersteun waar lede van die akademiese personeel, in samewerking met en bygestaan deur gekwalifiseerde professionele ondersteuningspersoneel, eties korrekte en responsiewe navorsing doen oor die kurrikulum, die onderrig-leer-omgewing, onderrig, studenteleer en ontwikkeling, en assessering.

[15] Die OL-tegnologieplan moet ook strategieë vir studente se akademiese ontwikkeling en ondersteuning, remediërende ondersteuning en leer en leeranalise aanspreek.

[16] Besoek http://universaldesign.ie/What-is-Universal-Design/The-7-Principles/

- Sistematiese strewe na uitnemendheid in alle aspekte van onderrig en leer, deur ondersoekgeleide, selfgerigte en aanpasbare studente te kweek, om ongeag afleweringsmodus 'n volgehoue hoëgehalteleerervaring aan alle NWU-studente te bied.
- 'n Verbintenis om meertaligheid in universiteitsklaskamers te bevorder tot voordeel van studenteleer en akademiese sukses, die verskaffing van gepaste geleenthede aan studente om dit wat hulle leer in die praktyk toe te pas, insluitend geleenthede vir werkgeïntegreerde en diensleer (WGL en DL), en die skep van platforms vir studente om dissiplinespesifieke kennis en bevoegdhede oor kampusse uit te ruil.
- Erkenning dat alhoewel akademiese personeel primêr daarvoor verantwoordelik is om hoë standaarde van akademiese prestasie vir NWU-studente te stel, dit gepaardgaan met toeganklike en toepaslike studente-ondersteuning wat streef na meer inklusiewe prosesse om studente se insette oor onderrigkwaliteit en kwaliteitsbevordering te verkry
- 'n Vereiste dat akademiese personeel ondersoekgedrewe moet wees sodat hulle hul bevoegdheid as professionele universiteitsdosente konsekwent kan ontwikkel, ondersteun deur geleenthede om hul kennis en vaardighede binne 'n toepaslike erkenningstelsel te ontwikkel.
- 'n Verbintenis om saam te werk en innovasie en beste praktyk m.b.t. onderrig en leer binne die instansie, nasionaal sowel as internasionaal te deel, deur samewerkende netwerke en vennootskappe sowel as kapasiteitsontwikkelingsprogramme.
- Erkenning van die sentraliteit van onderrig en leer tot die NWU se missie, wat die aanvaarding van 'n geïntegreerde benadering noodsaak om te verseker dat strategieë en doelwitte vir onderrig en leer gekorreleer word met ander sleutel institusionele strategieë, planne en beleide in areas soos transformasie, akademiese beplanning, navorsing en innovasie, gemeenskapsbetrokkenheid, studenteontwikkeling- en -steundienste, inligtingsdienste en e-Leer, finansies en fasiliteite.
- Vestiging van waardevolle vennootskappe met alumni en bedryfsvennote vir die bevordering van toegang tot en geleenthede vir die industrie, WGL en DL.

4 Die Doel van die OL-strategie

Die NWU se OL-strategie bied 'n oorkoepelende en geïntegreerde strategieraamwerk wat die beplanning, besluitneming, en aktiwiteite regoor die Universiteit m.b.t. onderrig en leer help bepaal. Wanneer die doel van die OL-strategie gedefinieer word, is dit nodig om eers die doel van hoër onderwys (HO) in sy breër konteks te definieer. Die NWU beskou hoër onderwys as 'n instrument wat die volgende bied:

- 'n persoonlik transformerende ervaring gefokus op die individu as deel van 'n gemeenskap van leer. Dat leer intellektuele groei moontlik maak om die gemeenskap en werkplek te skep en te verbeter deur burgerlike verantwoordelikhede en regte. Dit gaan oor groei in leer wat waarde toevoeg tot wetenskap vir die gemeenskap, die nasie en die wêreld;
- 'n akademies transformerende ervaring: dit moet lei tot die ontwikkeling van begrip van kennis, en tot die skep van nuwe kennis. Dit moet bewustheid skep van die verband tussen kennis, gemeenskap, samelewing en die omgewing, sodat dit kritiese denke, en gesofistikeerde konseptuele en praktiese vaardighede ontwikkel;
- 'n maatskaplik transformerende ervaring: dit dra by tot die algemene belang van gemeenskappe, dit fokus op volhoubaarheid, gemeenskaps- en werkplekleierskap, werkskepping, 'n besorgdheid oor sosiale kwessies, armoede, en ongelykheid. 'n Koestering van waardes wat die waardigheid van die persoon, die solidariteit van mense, en 'n diep verbintenis tot omgee vir die omgewing ondersteun.

Binne hierdie konteks en met die oog op hierdie transformerende ervarings, beoog die OL-strategie om 'n gedeelde begrip van die volgende te ontwikkel:

- die skep van werkbare HO-toegangsweë met gelyklopende grondslagondersteuning om studentesukses te bevorder;
- die NWU-kurrikulumprojek (insluitend die herkonseptualisering van die eerste- en finalejaarervaring, die uitbreiding van die aard en die verbetering van die gehalte van voortgesette onderwys-aanbiedinge (kortkursusse), kritieke kruisterreinuitkomste oor studiejare heen, WGL- en DL-geleenthede ter voorbereiding van gemeenskapslewe en die wêreld van werk, en onafhanklike navorsingsontwikkeling as die kroon van 'n akademiese pad);
- die strategiese onderrig-, leer- en assesseringsprojek (insluitend geskikte tegnologie in die professionalisering van hoëronderwysonderrig; en integrasie in OL- en assesseringsomgewings (virtueel, fisies en sosiaal);
- professionalisering van hoëronderwysonderrig; en
- uitstekende akademiese ondersteunings- en ontwikkelingstrategieë om retensie en sukses van studente te verbeter.

Die OL-strategie word gerig deur die strategiese intensie van die Noordwes-Universiteit-strategie 2015 tot 2025, "om die NWU as 'n unitêre instansie van hoogstaande akademiese uitnemendheid, met 'n verbintenis tot

maatskaplike geregtigheid, te transformeer en te posisioneer"[17]. Ooreenkomstig die Universiteit se waardes is die OL-strategie ingebed in 'n organisasiekultuur soos wat blyk uit gedrag wat strook met 'n fokus op transformasie. Dit sluit in: die dekoloniseringsimperatief; die waardering van diversiteit en inklusiwiteit; etiese gedrag en sorg; 'n waarde-gebaseerde kollektiewe identiteit wat integrasie, deelname en samewerking bevorder; innovering en toewyding aan die Universiteit se kernbesigheid; gesamentlike en individuele aanspreeklikheid; robuuste betrokkenheid en akademiese integriteit; en 'n omvattende geïntegreerde gehalteversekeringstelsel vir onderrig-leer-verwante aangeleenthede wat voortgesette kurrikulumrelevansie en -responsiwiteit, self- en studentebesinning oor onderrigpraktyke insluit.

5 Visie en Missie, en Strategiese Doelwitte vir onderrig en leer aan die NWU

In reaksie op die NWU-strategie 2015-2025 beskryf hierdie afdeling die visie, missie en strategiese doelwitte wat die Universiteit se benadering tot onderrig en leer sal rig en lei[18].

5.1 Visie

Bevorder uitnemende onderrig en leer, en herposisioneer die NWU om die grootte en vorm te bereik wat deur die markrigtingbesluite vereis word.

5.2 Missie

Die NWU sal 'n toonaangewende Suid-Afrikaanse verskaffer van multimodale onderwys[19] wees, deur te streef na voortdurende transformasie van sy kurrikulum, ondersteun deur die gebruik van geskikte tegnologieë om hoëgehalte- en naatlose dosent-student-interaksie te verskaf, sodat studente ontwikkel as sosiaal responsiewe en opgevoede graduandi. Die NWU streef daarna om sy studente te ondersteun sodat hulle toenemend selfgerigte en lewenslange leerders kan word wat verantwoordelike, etiese, en eiesoortige bydraes tot die samelewing en die wêreld van werk maak.

5.3 Strategiese Doelwitte[20]

In die uitleef van sy onderrig-leer-visie en -missie sal die NWU die volgende strategiese doelwitte nastreef:

- Goeie korporatiewe bestuur van onderrig en leer wat eksterne en interne nakoming, volhoubaarheid en finansiële lewensvatbaarheid verseker, voldoende hulpbrontoewysing ondersteun vir die verwesenliking van strategiese voorneme, en werwing, ontwikkeling en die behoud van uitstekende personeel en studente prioritiseer.
- Kwaliteit, volhoubaarheid en responsiwiteit van die formele en nie-formele akademiese aanbod deur beide sistematiese en prinsipiële kurrikulumtransformasie en deurlopende verbetering van nuwe en bestaande aanbiedinge.
- Hoëgehalte-onderrig wat gekenmerk word deur 'n benadering wat responsief is tot studente se leerbehoeftes, voldoende ontwikkelingsgeleenthede om universiteitsonderrig te professionaliseer, en die kweek van intellektuele verkenning. Dit sal bevorder word deur middel van lewenskragtige en sorgsame gemeenskappe van praktyk, die bevordering van die vakkundigheid van onderrig en leer, en navorsing van 'n multi-, inter- en transdissiplinêre aard.
- Verbeterde toegang, retensie en studentesukses sodat die NWU as instansie doeltreffend kan reageer op die uitdagings wat die Suid-Afrikaanse hoëronderwysstelsel in die gesig staar, wat gekenmerk word deur 'n lae deelnamekoers en 'n hoë wegkwyningskoers.
- Verbeterde toegang, retensie en sukses sodat die NWU as instansie doeltreffend kan reageer op die uitdagings wat die Suid-Afrikaanse hoëronderwysstelsel in die gesig staar, wat gekenmerk word deur 'n lae deelnamekoers en 'n hoë wegkwyningskoers.
- Die skep en instandhouding van 'n instaatstellende onderrig-leer-omgewing waarvoor daar genoeg hulpbronne (ten opsigte van fasiliteite en infrastruktuur) beskikbaar is, op 'n volhoubare basis.

Die strategiese dryfvere wat in afdeling 6 van die Strategie bespreek word, verskaf meer besonderhede oor hierdie doelwitte, terwyl die Fakulteitsgeïntegreerde Onderrig- en Leerplanne die strategie ondersteun en aandui hoe hierdie doelwitte bereik sal word.

[17] Sien NWU-strategie (2015-2025)

[18] Die operasionele plan om die implementering van die visie, missie en strategiese doelwitte binne fakulteite en oor kampusse heen te dryf, van hulpbronne te voorsien en te befonds, vind toepassing in die Fakulteitsgeïntegreerde Onderrig- en Leerplanne.

[19] Op hierdie tydstip sluit multimodale onderwys twee erkende afleweringsmodusse in: kontak- en afstandsonderrig.

[20] Die OL Strategiese doelwitte moet aangevul word met 'n duidelike implementeringsplan om voorsiening te maak vir nodige befondsing, personeelkapasiteit en ander verwante hulpbronne.

6 Sleutel- Strategiese Dryfvere

Onderrig en leer van hoë gehalte vereis 'n bemagtigende onderrig- en leeromgewing op alle leweringspunte van die NWU en oor Fakulteite heen, ongeag die afleweringsmodus, ondersteun deur die strategiese dryfvere soos uiteengesit in hierdie afdeling.

6.1 Korporatiewebestuursreëlings vir onderrig en leer

Hoëgehalte-onderrig en -leer is ingebed in 'n doeltreffende en toepaslike raamwerk vir die bestuur van onderrig en leer, wat die volgende insluit:

- 'n Duidelike begrip en deliniëring van die rolle en verantwoordelikhede vir onderrig-leer-aktiwiteite, sowel as die toepaslike toewysing van verantwoordelikhede vir onderrig en leer wat doeltreffend gekommunikeer, bestuur en gemoniteer word.
- Doeltreffende beleide, reëls, prosesse en prosedures op die toepaslike vlakke om toesig te hou oor die gehalte en standaarde van onderrig, leer en assessering.
- Toepaslike strukture vir die bestuur van onderrig-leer-aktiwiteite, op fakulteitsvlak en oor alle leweringspunte en afleweringsmodusse heen.
- Innoverende en responsiewe akademiese beplanning, insluitend beplanning vir die regmatige plek en erkenning van die Vakkundigheid van Onderrig en Leer (VvOL).

6.2 Kwalifikasie- en Akademieseprogrambeplanning, -ontwerp en -ontwikkeling

- Die responsiwiteit en lewensvatbaarheid van die NWU se PKM, die integriteit van akademiese standaarde en konsekwentheid van die student se leerervaring is aangewese op 'n doeltreffende stelsel vir kwalifikasie- en akademieseprogrambeplanning, -ontwikkeling, -implementering, -bestuur en -hersiening, wat gekenmerk sal word deur doeltreffende stelsels vir:
- Akademiese en OL-leierskap leierskap om toesig te hou oor prosesse vir programbeplanning, -ontwikkeling, -bestuur en -hersiening;
- Programbeplanning, -ontwikkeling en -goedkeuring, wat duidelik geartikuleerde verantwoordelikhede, goed gedefinieerde en doeltreffende prosesse en prosedures, en betroubare akademiese programinligtingstelsels insluit, om die gehalte en standaarde van kwalifikasies en programme en die akkuraatheid van alle gepubliseerde inligting met betrekking tot akademiese programme te verseker;
- Programkoördinering om sistematiese beplanning en monitering van program- en modulevoorsiening te verseker in ooreenstemming met die kwalifikasiestandaarde waarop hulle betrekking het. Dit sluit in studiegidse en -materiaal, onderrig-, leer- en assesseringsbenaderings en -metodes, moderering, studentesteun en program administratiewe dienste.
- Programhersiening, om te verseker dat die gehalte en standaarde van akademiese programme binne toepaslike raamwerke hersien word, dat toereikende verbeteringsplanne opgestel word, en dat hul implementering gemoniteer word. Die hersieningsproses is in die besonder daarmee gemoeid dat kurrikulums relevant, ingestel op samelewings- en omgewingsuitdagings, en doeltreffend moet wees in die ondersteuning van studente om aan die program- en moduleleeruitkomstes te voldoen.
- Terugvoer van studente, graduandi en werkgewers, om gereeld insette te kry oor die gehalte en standaard van akademiese programme[21].

6.3 Onderrig-Leer-innovasie

Onderrig-leer-innovasie moedig aktiewe, selfgerigte leer aan deur die weldeurdagte aanvaarding van toepaslike benaderings tot onderrig, leer en assessering, die sorgvuldige seleksie van onderrig-leer-hulpbronne en -tegnologieë, sowel as die doeltreffende implementering daarvan, soos wat blyk uit die aard en omvang van die leeraktiwiteite waaraan studente deelneem. Die NWU sal 'n responsiewe onderrig- en leerervaring aan personeel en studente bied, gebaseer op:

- 'n Optimale mengsel van onderrig-, leer- en assesseringsmetodes en -aktiwiteite, met toepaslike tegnologieë indien relevant.
- Geleenthede vir personeel om hul kapasiteit uit te bou om leeromgewings te ontwerp wat interaktiewe leerervarings bied, en wat studente na 'n verskeidenheid beskikbare hulpbronne toe verwys wat hul individuele leerbehoeftes ondersteun[22].
- Kapasiteitsontwikkeling en ondersteuning vir personeel en studente om doeltreffend van onderrig- en leertegnologie gebruik te maak.

[21] Buite die konteks van interne en eksterne programevaluerings en nasionale direktiewe moet die NWU steeds 'n manier vind om studente se insette in die hersiening en ontwikkeling van die kurrikulum te verkry.

[22] Binne die raamwerk van finansiële beperkings en 'n fokus op die aanspreek van personeelkapasiteit binne areas van skaars vaardighede.

- Toegang tot gespesialiseerde advies en ondersteuning in die ontwerp en ontwikkeling van infrastruktuur, en ontwikkeling van kapasiteit vir die ontwerp van, en hulp met, die ontwikkeling en gebruik van gedrukte en digitale studiemateriaal.
- Aanmoediging van akademiese personeellede om gereeld te besin oor hul onderrig- en leerbenaderings en -praktyke.
- Formele ondersteuning in die strewe na strategiese innovasies in onderrig en leer (bv. aanpasbare leer, aangevulde realiteit, virtuele realiteit, nuwe LBS-platforms, ens.)

6.4 Werwing, ontwikkeling en retensie van talentvolle personeel

Onderrig en leer van hoë gehalte is grootliks afhanklik van voldoende voortgesette professionele ontwikkelingsgeleenthede vir akademiese personeel, deur die vestiging en instandhouding van strukture en hulpbronne om akademici te ondersteun om hul onderrigpraktyke oor die loopbaankontinuum te verbeter – van ontluikende akademici tot gevestigde opvoeders. Die interne suksesmodel as deel van die Noordwes-Universiteit-strategie 2015 tot 2025 dui aan dat die Universiteit daarna streef om akademiese personeel te lok, te ondersteun en te ontwikkel "met 'n ontvanklike ingesteldheid, kritiese denke, respek vir die reg op vryheid van uitdrukking, verbind tot en respek vir diversiteit, met 'n fokus op vakkundigheid, verbintenis tot studente, aktiewe burgerskap, goeie werksetiek en goeie prestasie. Die interne suksesmodel definieer soortgelyke eienskappe vir ondersteuningspersoneel.

NWU maak van die volgende strategieë gebruik om by te dra tot die ontwikkeling van hierdie eienskappe in sy akademiese en professionele ondersteuningspersoneel:

- Werwing- en keuringstrategieë[23], sowel as diensvoorwaardes en 'n universiteitskultuur wat 'n talentvolle en uiteenlopende personeelkorps[24] lok, om te verseker dat studente 'n uitstekende studenteleerervaring ontvang waarin hulle blootgestel word aan 'n verskeidenheid van kundigheid, idees en benaderings.
- Induksieprogramme en mentorskapsprogramme wat personeel help om hul rolle en verantwoordelikhede op die gebied van onderrig en leer te verstaan, en om hul kapasiteit te ontwikkel in die ontwerp en handhawing van betekenisvolle onderrig- en leerervaringe.
- Toeganklike en toepaslike geleenthede vir kapasiteitsontwikkeling wat:
  - Akademiese en professionele ondersteuningspersoneel van 'n gesonde opvoedkundige grondslag voorsien,
  - Hulle toelaat om hul kennis en bevoegdheid in spesifieke aspekte van onderrig en leer te verdiep, en
  - Hulle help om leerervaringe te ontwerp en te voorsien wat studente se kapasiteit ontwikkel om om te gaan met dissiplinêre inhoud sowel as breër samelewingsuitdagings
- Doeltreffende ontwikkeling- en prestasiebestuurstelsels binne akademiese skole en fakulteite, en relevante professionele ondersteuningseenhede, wat personeel toelaat om die prestasie van hul persoonlike ontwikkelingsdoelwitte te definieer en te moniteer, en om hul kapasiteitsontwikkelingsbehoeftes te identifiseer.
- Gepaste beloning- en erkenningstelsels vir akademici met 'n fokus op verskeie aspekte van onderrig en leer, onderriguitnemendheid, innovasie, nasionale en internasionale span-onderrig, fakulteitsonderrigtoekennings en genootskappe.
- Aansporings vir die professionalisering van universiteitsonderrig sluit in finansiële aansporings, genootskapprogramme, onderrig-sabbatsverlof en onderriguitruilprogram-beurse.
- Skep van 'n kultuur van uitnemendheid in onderrig en leer, deur die bevordering van vakkundige werk oor onderrig en leer ten einde reflektiewe praktyk en innovasie te bevorder wat vorm gee aan responsiewe kurrikulumontwerp en -aflewering, en betekenisvolle uitkomste-gepaste leerervarings.

6.5 Studentetoegang, -retensie en -sukses

Ten einde aandag te gee aan die realiteite van die Suid-Afrikaanse hoëronderwysstelsel streef die NWU daarna om 'n studentekorps te werf wat heterogeen is ten opsigte van ouderdom, geslag, sosiale klas, ongeskiktheidstatus, etniese profiel, nasionaliteit, opvoedkundige agtergrond, en studiemodus. Die NWU sal 'n gekoördineerde strategie vir toegang, retensie en sukses gebruik, wat erkenning verleen aan die impak van opvoedkundige agterstand op studente se akademiese en sosiale akkulturasie, om te verseker dat alle studente kan voordeel trek uit die geleenthede wat deur sy akademiese programme gebied word. Die volgende strategieë sal gebruik word om toegang, retensie en sukses in alle vorms van onderrigvoorsiening te ondersteun:

[23] Die verband met Mense en Kultuur-mandaat is onmiskenbaar hier. Vergoeding is dikwels nie voldoende om talentvolle en diverse personeel te lok nie.

[24] 'n Diverse personeelkorps vereis 'n balans tussen akademici met 'n fokus op uitstekende onderrig en leer, en op navorsing.

- Goed nagevorsde bemarkings- en werwingstrategieë en -materiaal wat studente van akkurate en bruikbare inligting voorsien oor studie-opsies, finansiële hulp, aanpassing by universiteitslewe, en loopbaankeuses. Dit sluit strategieë in wat gemik is op die verbetering van toegang, retensie en sukses van studente wat histories uitgesluit is van hoër onderwys, soos studente met gestremdhede.
- Programme en projekte wat toegang gee aan leerders met die potensiaal om voordeel te trek uit NWU-programme en wat ontwerp is om te help met die verbetering van intreevlakstudente se kennis, begrip en vaardighede in verskeie studierigtings soos wiskunde, wetenskap en tale. Hierdie inisiatiewe sluit in grondslag (uitgebreide) en voorbereidende programme en gesamentlike projekte, sommige daarvan in vennootskap met skole.
- Doeltreffende oriënteringsprogramme, op institusionele en fakulteitsvlak, wat studente bekendstel aan die eise van hul leerprogramme, die akademiese omgewing by die universiteit, en die reeks beskikbare ondersteuningsdienste.
- Intervensies wat studente help om hul oorgang na universiteitstudie suksesvol te bestuur deur middel van i) doeltreffende stelsels vir toetsing van hul vlakke van akademiese en e-Leer-geletterdheid; ii) die verskaffing van leiding oor plasing binne akademiese programme; en iii) programme en fasiliteite vir die ontwikkeling van akademiese geletterdheid, insluitend bevoegdheid in lees, skryf, wiskunde en gesyferdheidsvaardighede, kritiese denke en ’n vermoë om van toepaslike inligtingstegnologie gebruik te maak.[25]
- Deurlopende en interaktiewe formatiewe assesserings wat studente in staat stel om hul vordering tot suksesvolle voltooiing van modules deur hul studiejare te meet, en die tydige implementering van remediërende maatreëls waar nodig om sukkelende studente te help.
- Tydige en nuttige terugvoer oor assesseringstake wat dit duidelik stel wat goeie prestasie is, en wat dit vir studente moontlik maak om hul vordering te assesseer met die bemeestering van die leeruitkomstes van programme en modules.
- Belynde erkennings- en aansporingstelsels, soos dekaan se merietelyste en toppresteerdertoekennings (wat finansiële aansporings insluit), wat die prestasie van goed presterende studente erken, en as ’n motivering dien om akademies uit te blink.
- Die doeltreffende gebruik van stelsels, insluitend studente- en leerdata-analise, om studente en hul leerprestasies te volg ten einde: i) hoërisikostudente betyds te identifiseer; ii) studenteleer en -vordering op ’n gereelde basis te moniteer; en iii) ’n bewysbasis te ontwikkel vir programbeplanning en studentesteunstrategieë.
- Voorsiening van doeltreffende ondersteuning aan studente tydens hul studiejare, met inbegrip van tutoriale, mentorskap en aanvullende-onderrig-programme.
- Voorsiening van ’n geïntegreerde, buigsame en toeganklike studentesteunnetwerk (akademies en nie-akademies) van hoë gehalte om studente in staat te stel om hul volle potensiaal te bereik, deur aandag te gee aan hul uiteenlopende leerbehoeftes.
- Gee studente geleenthede om aan buitemuurse aktiwiteite deel te neem om hulle die vaardighede te leer wat in hul werk-, besigheids- en professionele omgewing vereis word om afgeronde graduandi te wees wat kan meeding en uitblink in hul besigheids-, werk- of professionele lewens.
- Dinamiese loopbaandienste wat studente help om hul indiensneembaarheid en entrepreneuriese vaardighede te verhoog deur interaksie met werkgewers, korporasies, besighede en alumni, toegang tot relevante loopbaaninligting, en ondersteuning met die werkaansoekproses.
- Gebruik van afstands- en kontakafleweringsmodus en innoverende onderrig-leer-ontwerpe sodat studente voorsien word van buigsame geleenthede vir leer.

6.6 Kurrikulumtransformasie en -vernuwing

Die Noordwes-Universiteit is deurlopend betrokke by ’n sistematiese proses van kurrikulumtransformasie en -vernuwing om sy graduandi toe te rus om gekontekstualiseerde uitdagings van die een-en-twintigste-eeuse samelewing die hoof te bied, insluitend oproepe om die kurrikulum te dekoloniseer en te Afrikaniseer. Vernuwing van die kurrikulum vind plaas ten opsigte van begrip van programargitektuur (die maniere waarop modules verband hou met en op mekaar bou ter verwesenliking van programuitkomste) en ’n ontleding van die Universiteit se PKM wat betref sy mandaat as ’n tradisionele instelling.[26]

By die NWU moet die argitektuur van programme, en ontwerp van modules van die eerste tot die finale studiejaar eiesoortig en funksioneel van aard wees. Die eerste jaar van naskoolse studies is ’n spesiale jaar wat gekenmerk word deur die moeilike oorgang van skool na universiteit, en deur bekendstelling aan die universiteitslewe en die NWU-kultuur. Die kurrikulum wat met hierdie jaar geassosieer word, moet horisontaal

[25] Strategieë moet ontwikkel word om hierdie soort studente-inligting en -ontwikkelingsgeleenthede vir afstandstudente te verseker.

[26] Vermyding van voortydige spesialisasie gedurende die voorgraadse studiejare is een van die sake wat die oor die volgende drie jaar die nodige aandag gaan geniet.

sowel as vertikaal samehangend wees, en sterk fokus op geletterdheidverbetering, gekalibreer vir studente se verskillende behoeftes/vermoëns regoor die kurrikulum. Die eerste en tweede jaar is vormingsjare: voortydige oorspesialisasie moet vermy word, met eerder ’n sterker fokus op algemene vorming en toepaslik ontwerpte assesserings. Die derde en vierde jaar is summatiewe jare, en moet horisontaal sowel as vertikaal saamhang en uitdrukking gee aan selfrigting en outentieke assesserings deur projek- en probleemgebaseerde leer, portefeuljes, ens. Studie op honneurs- en nagraadse diplomavlakke is waar spesialisasie uitgebrei moet word en waar artikulasieroetes na die meesters- en doktorsgrade uitgeklaar moet word.

Die NWU is daartoe verbind om kurrikulums op so ’n wyse te ontwerp dat ’n student die geleentheid sal hê om metakognitiewe vermoëns te ontwikkel om te verstaan hoe kennis binne verskillende dissiplinêre en professionele kontekste gevorm en gevalideer word. Ingebed in ’n begrip van onderrig en leer as verkenningsgebaseer is ’n aanname dat kennisterreine in universiteite oor verloop van tyd binne spesifieke metodologiese raamwerke en wêreldbeskouings gekonstrueer word. Aangesien die doel, eienskappe en metodologieë van ondersoek tussen verskillende akademiese dissiplines en studierigtings verskil, erken die NWU dat die kernfokus van leer die student is, en die doel van sy onderrig is om die student aan spesifieke studierigtings bekend te stel en om terselfdertyd ’n waardering by die student te ontwikkel van die verskille tussen onderrig-leer-benaderings afhangende van die studierigting. Die groot verskeidenheid van, en verskille tussen, studierigtings behels dat die argitektuur, ontwerp en aflewering van akademiese programme van uiteenlopende opvoedkundige benaderings gebruik sal maak, wat sensitief is vir die diversiteit van studente en akademici. Ingesluit in die kurrikulumervaring is voldoende en geïntegreerde geleenthede vir WGL en DL soos toepaslik vir ’n bepaalde kwalifikasie.

Om te verseker dat akademiese programme samehangend ontwerp, intellektueel geloofwaardig, en konsekwent relevant is, word die volgende strategieë gevolg:

- Die NWU se program- en kwalifikasiemengsel (PQM) word voortdurend onder die loep geneem om voorsiening te maak vir ’n toepaslike balans tussen professionele en algemeen-formatiewe programme om aan nasionale ontwikkelingsbehoeftes te voldoen, in lyn met die mandaat van ’n tradisionele universiteit.[27]
- Studente ontvang ’n diepgaande oriëntering met betrekking tot hul studierigtings, sowel as ’n breër begrip van eietydse samelewingsuitdagings, in die vorm van toepaslike WGL- en DL-geleenthede, ten einde ’n sorgsaamheidsetiek en maatskaplike verantwoordelikheid te bevorder.
- Kurrikulums gee ’n oriëntering tot verskeie paradigmas van denke en verduidelikende stelsels met inbegrip van, waar toepaslik, inheemse kennisstelsels, sodat NWU-studente en -graduandi aan verskillende intellektuele tradisies bekendgestel word, en in staat is om hul wêreldbeskouing en die beginsels wat hul professionaliteit onderlê te motiveer.
- Die ontwerp van programme ondersteun die leerbehoeftes van ’n diverse studentekorps, deur studente te betrek by ’n verskeidenheid individuele en samewerkende leer- en assesseringsaktiwiteite, sodat leerders toenemend verantwoordelikheid kan aanvaar vir hul eie leer.
- In ooreenstemming met die NWU se graduandi-eienskappe word kurrikulums ontwerp om studente te help om die kennis, houdings en vaardighede te ontwikkel wat hulle in staat sal stel om as verantwoordelike burgers doelgerigte lewens te lei in diens van die wetenskap, hul beroepe en die burgerlike samelewing.
- Programme word gereeld gemoniteer en hersien om te verseker dat dit relevant bly en, waar nodig, voldoen aan die vereistes rakende WGL en DL soos onderlê deur die toepaslike dissiplinêre of statutêre maatstawwe, sowel as terugvoer van studente, werkgewers en alumni (soos toepaslik).

6.7 ’n Instaatstellende onderrig- en leeromgewing

Die NWU streef daarna om ’n bemagtigende onderrig- en leeromgewing vir sy personeel en studente op al sy kampusse[28] en in alle afleweringsmodusse te skep deur middel van:

- Die totstandbrenging van ’n lewenskragtige en inklusiewe sosiale konteks wat ’n groot verskeidenheid idees en kritiese besprekings ondersteun.
- Die skep van ’n inligtingsryke onderrig- en leeromgewing, wat tegnologieryk hulpbronsentrums kan insluit waar lede van die akademiese personeel studente help om toepaslike inligtings- en leerhulpbronne te gebruik om probleme op ’n kreatiewe manier op te los. Hierdie omgewing sluit in die voorsiening van toepaslike hulpbronne van hoë gehalte om die bemeestering van module-uitkomste en interaktiewe leer te ondersteun waartydens studente hul kapasiteit vir selfgerigte leer ontwikkel.

[27] Vermyding van voortydige spesialisasie gedurende die voorgraadse studiejare is een van die sake wat die oor die volgende drie jaar die nodige aandag gaan geniet.

[28] Belyning van hulpbronne en kapasiteit oor kampusse heen is steeds ’n noodsaaklikheid vir hierdie dryfveer om doeltreffend te wees.

- Voorsien inklusiewe onderrig en leer deur die ontwikkeling van toeganklike en toepaslike ondersteunende e-Leertegnologieë en -hulpbronne om gestremde studente en personeel te ondersteun en te bemagtig.
- Sistematiese vernuwing van alle digitale onderrig- en leer-omgewings om doeltreffende ruimtes, fasiliteite, biblioteekdienste en hulpbronne te bied ter ondersteuning van individuele en gesamentlike leer en navorsing, en 'n kultuur van lees onder studente, en ter ondersteuning van die uiteenlopende leerbehoeftes van studente op alle vlakke van studie.
- Studente- en personeeltoegang tot voldoende en toepaslike onderrig- en leertegnologiehulpbronne om effektiewe betrokkenheid by tegnologiebemiddelde onderrig en leer te verseker.
- Innoverende ontwikkeling en ontplooiing van volhoubare digitale infrastruktuur, -stelsels en -toepassings ter ondersteuning van onderrig- en leeraktiwiteite in alle afleweringsmodusse.
- Deelname aan die oop opvoedkundige hulpbronne-inisiatief, deur die gebruik en ontwikkeling van oop opvoedkundige hulpbronne en oopbronstelsels ter verbetering van toegang vir personeel en studente tot 'n wye verskeidenheid hoëgehalte en bekostigbare leerhulpbronne.
- Die ontwikkeling, beplanning en instandhouding van inklusiewe en toeganklike fisiese en virtuele, formele en informele onderrig- en leerruimtes, en leerondersteuningsentrums, om studente aan te moedig om deel te neem aan sinvolle onderrig- en leeraktiwiteite.
- Doeltreffende administratiewe en logistieke koördinering van ondersteuning en dienste wat aan studente gebied word wat deur middel van beide afleweringsmodusse studeer.
- Bevorder die ontwikkeling van 'n bemagtigende digitale onderrig- en leeromgewing wat innoverende kurrikulumontwerp ondersteun, insluitend studentgesentreerde, mediaryke, aktiewe en samewerkende leerervarings wat geskik is vir die opvoedkundige benadering van die NWU.
- 'n Omvattende OL Digitale Transformasieplan wat met die Digitale Besigheidstrategie artikuleer en toepaslik befonds, beman en ondersteun word deur die relevante strategiese tegnologievennootskappe (binne en buite die NWU).

7 Graduandi-eienskappe

Die RHO[29] definieer graduandi-eienskappe as "die mate waarin die vermenging van leerdomeine (kennis, vaardigheid en toegepaste bevoegdheid) die doel van die kwalifikasietipe weerspieël, en die mate waarin die vermenging in die bevoegdheid van die gegradueerde weerspieël word". Hierdie eienskappe beskryf dus die karaktereienskappe, en akademiese, professionele en praktiese kennis en vaardighede waaraan die NWU groot waarde heg. Hierdie eienskappe is gegrondves in die Universiteit se droom om bekend te wees vir sy maatskaplike responsiwiteit en betrokke wetenskapsbeoefening, wat betrokke personeel en studente oplewer wat gekenmerk word deur die waardes van etiek in alle strewes, akademiese integriteit, vryheid van intellektuele verkenning, verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, akademiese vryheid, regverdigheid en deursigtigheid, en hul waardering vir diversiteit. As sodanig definieer hulle die eienskappe wat 'n integrale deel van die NWU-kurrikulumprojek vir beide voorgraadse en nagraadse studente behoort uit te maak. Daar word erkenning gegee aan die feit dat die graduandi-eienskappe op verskeie wyses en in verskillende mates ontwikkel sal word, na gelang van die vlak, aard, doel en dissiplinêre konteks van 'n akademiese program. Verder het statutêre liggame spesifieke vereistes ten opsigte van graduandi-eienskappe, en in sodanige gevalle maak die NWU-graduandi-eienskappe 'n breër konteks uit vir die ontwikkeling van die spesifieke kwaliteite, kennis en vaardighede wat deur hierdie liggame voorgeskryf word.

Die Universiteit sal sy studente ondersteun sodat hulle progressief deur die loop van hul studies die verlangde graduandi-eienskappe kan ontwikkel deur middel van die formele kurrikulum sowel as hul totale leerervaring. Verder sal dit verseker dat sy beleide, reëls en prosesse vir akademiese programontwikkeling, -bestuur en -hersiening, sowel as kurrikulumtransformasie en -vernuwing, ondersteunend is vir die inbed van sy graduandi-eienskappe in die kurrikulum, en dat hierdie eienskappe duidelik aan personeel en studente gekommunikeer word.[30]

Deur die ontwikkeling van die graduandi-eienskappe sal die NWU sy studente voorberei om vervullende en produktiewe professionele, openbare en persoonlike lewens te lei, ten einde aan hulle 'n strategiese voorsprong in die wêreld van werk te gee en om hul leierskapsvermoëns te bevorder in die openbare lewe en die gemeenskappe waar hulle leef en werk. Die Universiteit streef daarna om graduandi op te lei wat lewenslange leerders en onafhanklike denkers is, wat oor die vermoë beskik om kennis kreatief en doeltreffend te bestuur, gesonde etiese oordeel aan die dag lê, diversiteit in al sy vorms waardeer, en die realiteite van diverse maatskaplike en kulturele kontekste, natuurlike omgewings en werkplekke respekteer.

[29] Sien Raamwerk vir Kwalifikasiestandaarde in Hoër Onderwys, 2013

[30] Die K&APB en die SOL beraadslaag oor intervensies om te meet hoe hierdie eienskappe by studente ontwikkel word, en hoe die Universiteit kan assesseer dat die eienskappe wel verwesenlik is.

Om NWU-graduandi voor te berei vir die eise van die 21ste eeu definieer die Universiteit verlangde eienskappe ten opsigte van die volgende vier domeine:

7.1 Werkgereedheid

7.1.1 Kundige, hoogs opgeleide individue en beroepslui

7.1.1.1 Die vermoë om kennis te ontdek en koherente begrip te skep deur die herwinning, ontleding, evaluering, organisasie, sintese en verspreiding van inligting.

7.1.1.2 Omvattende kennis en begrip van hul gekose studierigting in ooreenstemming met die vlak van die kwalifikasie wat behaal is.

7.1.1.3 Die ontwikkeling van multi-, inter- en transdissiplinêre perspektiewe wat lei tot 'n geïntegreerde begrip van spesifieke aangeleenthede en konsepte.

7.1.1.4 Buigsaamheid en aanpasbaarheid om hul gespesialiseerde kennis en professionele vaardighede toe te pas op teoretiese en veranderende praktiese kontekste, insluitend die werksomgewing en die openbare lewe.

7.1.1.5 Die vermoë en die kennis om vereiste tegniese vaardighede (wat verband hou met meganika, inligtingstegnologie, programmatuurvaardigheid, tegniese skryfwerk, projekbestuur, data-analise, wiskundige of wetenskaplike take) relevant tot hul gekose studierigting uit te voer in ooreenstemming met die vlak van die kwalifikasie wat behaal is.

7.1.1.6 Graduandi voldoen aan die vereistes van nasionale regulatoriese, statutêre en niestatutêre liggame, soos relevant.

7.1.2 Entrepreneurs

7.1.2.1 Die vermoë om strategiese doelwitte te stel en dit effektief aan belanghebbers te kommunikeer.

7.1.2.2 'n Ontvanklike ingesteldheid tesame met genoeg selfvertroue en 'n vasberadenheid om nie toe te laat dat die vrees vir mislukking die sukses van 'n taak of 'n nuwe sake-idee bepaal nie.

7.1.2.3 Die vermoë om onafhanklik te dink en te funksioneer met 'n duidelike einddoel in gedagte, ongeag uitdagings en probleme.

7.1.2.4 Die kapasiteit vir selfondersoek en selfontdekking wat voortgesette persoonlike en professionele ontwikkeling ondersteun, gebaseer op 'n duidelike begrip van hul persoonlike sterk- en swakpunte.

7.1.2.5 Die kapasiteit om ander te motiveer om te werk na die bereiking van 'n kollektiewe doel.

7.1.2.6 'n Passie vir netwerking om deurlopende belangstelling in 'n besigheid, 'n produk of 'n idee te bevorder.

7.1.2.7 Selfgerigte en lewenslange leerders, wat onafhanklik kan werk, hulpbronne doeltreffend benut, en inisiatief aan die dag lê.

7.2 Noodsaaklike oordraagbare vaardighede

7.2.1 Innoverende, kritiese denkers

7.2.1.1 Die vermoë om ingewikkelde en onbekende probleme onafhanklik op te los deur die ontdekking en skep van nuwe kennis en begrip.

7.2.1.2 Die vermoë om hul kennis en begrip binne die konteks van breër samelewingstendense en -verwikkelings te plaas.

7.2.1.3 Begrip vir die beperkings van hul eie kennis, en die intellektuele nuuskierigheid om ondersoek in te stel na nuwe idees en benaderings wat gevestigde maniere van verstaan bevraagteken.

7.2.1.4 Die vermoë om deel te neem aan ingeligte argumentering en redenasie, gebaseer op 'n prinsipiële verdediging van hul eie waardes, oortuigings en praktyke, sowel as die kritiese ontleding van alternatiewe benaderings.

7.2.2 Beginselvaste leiers

7.2.2.1 Die vermoë om ’n duidelike visie en doelwitte met ’n gesonde waarde-oriëntering te artikuleer, en om ander te motiveer om dit te bereik.

7.2.2.2 Leiers wat emosioneel intelligent, sosiaal bewus en finansieel skerpsinnig is om leiding te neem met verandering tot voordeel van die samelewing gebaseer op etiese doeltreffendheid en die gees van Ubuntu.

7.2.2.3 Verantwoordbaar om diversiteit en sekuriteit te bevorder en om ander toe te laat om te groei, te ontwikkel en te floreer.

7.2.2.4 Konsekwentheid en deursigtigheid in alle interaksies en besluitneming gerig op gesamentlike doelwitte.

7.2.2.5 Verdraagsaamheid vir dubbelsinnigheid en die moed en selfvertroue om op te tree in onsekere situasies.

7.2.3 Doeltreffende kommunikeerders

7.2.3.1 Die vermoë om idees, konsepte en argumente duidelik, koherent en oortuigend in ’n verskeidenheid formate (mondeliks, skriftelik, visueel en digitaal[31]) te formuleer, aan te bied en te kommunikeer aan uiteenlopende gehore en vir verskillende doeleindes.

7.2.3.2 Die vermoë om toepaslike kommunikasietegnologieë te gebruik.

7.2.3.3 Verbintenis tot die ontwikkeling van meertalige vaardighede om respek en begrip binne die maatskaplike, kulturele en linguistiese diversiteit van die Suid-Afrikaanse en globale samelewing te bevorder, en om sprekers van verskillende tale te bemagtig.

7.2.3.4 Begrip van kommunikasiekonvensies wat toepaslik is binne uiteenlopende kulturele kontekste sowel as daardie konvensies wat deur bepaalde dissiplines vereis word.

7.2.4 Vaardige medewerkers en spanlede

7.2.4.1 Die vermoë om doeltreffend met ander mense saam te werk, en om as deel van ’n span te werk om oplossings te vind vir werksverwante en breër samelewingsprobleme, in uiteenlopende maatskaplike, kulturele en linguistiese kontekste.

7.2.4.2 Goed ontwikkelde netwerk-, onderhandelings- en konflikbestuursvaardighede.

7.3 Verantwoordelike en betrokke lede van die samelewing

- Bereidwilligheid om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul besluite en optrede gebaseer op ’n sterk waardestelsel, en ’n bewustheid en begrip van morele, etiese, maatskaplike, kulturele en omgewingskwessies.
- Begrip vir hul maatskaplike, burgerlike en omgewingsverantwoordelikhede (individueel en kollektief) binne die konteks van hul gekose loopbane, en verbintenis tot maatskaplike geregtigheid, demokrasie, menseregte en die integriteit van die omgewing, gemanifesteer in gedrag wat die regte van individue, groepe en gemeenskappe respekteer en handhaaf.
- Die begrip van maatskaplike verantwoordelikheid deur toegang tot vrywillige gemeenskapsdiensgeleenthede en ander vorme van betrokke wetenskapsbeoefening te verseker.
- Die vermoë om op ’n ingeligte manier op te tree wat bydra tot volhoubare ontwikkeling deur middel van kritiese omgang met kontemporêre samelewingsuitdagings binne die plaaslike, nasionale en globale konteks.
- Die vermoë om konstruktief te leef en te werk binne ’n inklusiewe samelewing. Dit moet gefasiliteer word deur ’n bewustheid en waardering vir maatskaplike, kulturele en linguistiese diversiteit, gekoppel aan ’n toepaslike begrip binne hul studierigtings van die historiese kontekste (insluitend kolonisasie van die Afrika-vasteland), intellektuele tradisies en samelewingstoestande wat vorm gegee het aan uiteenlopende plaaslike, nasionale en globale politieke, ekonomiese, geregtelike, wetenskaplike, opvoedkundige, gesondheidsorg-, maatskaplike, kulturele, omgewings- en godsdienstige stelsels.
- ’n Verbintenis tot die waardestelsel wat die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, ten grondslag lê.

[31] ’n Strategie om digitale geletterdheid van personeel en studente te verbeter, en infrastruktuur soos rekenaarlaboratoriums moet in plek wees en op alle kampusse geïmplementeer word om hierdie eienskap te verwesenlik. Die NWU moet ook kyk na die volhoubaarheid en sekuriteit rondom die uitreiking van toestelle.

8 Die NWU HyFlex OL-model

Om die OL-strategie in werking te stel, het die NWU die Hibriede-Buigsame OL-model (HyFlex) aanvaar as ’n benadering tot effektiewe onderrig en leer, wat terselfdertyd die doelwitte aanspreek en strategiese dryfvere van die NWU se OL-strategie ondersteun.

Die hoëronderwyssektor het die afgelope dekade verskeie uitdagings op internasionale, nasionale en plaaslike vlak in die gesig gestaar. Sleuteltendense m.b.t. leerderbetrokkenheid, algemene toegang en pasmaking van leer het meer merkbaar geword. Die tendense het verskillend gemanifesteer: onder andere ’n verskuiwing vanaf vervlegte leer na hibriede leer; ’n strategiese klem op studentesukses; die strewe na ‘enige student, enige plek, op enige manier, enige tyd’; uitgebreide gebruik van komplekse tegnologie, argitektuur en data; oorweging van nuwe vorme van assessering, die belyning van leerontwerp en digitale studiemateriaal met studenteprofiele; en idees in lyn met studentebeheer en -keuse.

Beduidende OL-praktyke het mettertyd ontwikkel, insluitend die bekendstelling van alternatiewe beleide, integrasie van alternatiewe leerinfrastruktuur, aanvaarding van hibriede leermodelle, HyFlex-leermodule-ontwerpe en afleweringsplatforms, die progressiewe gebruik van leerder-/leeranalise, student-hulpbronne en voorsiening van leerbare teks in digitale inhoud wat deur dosent geskryf is, alternatiewe bedelings in ontwikkeling en ondersteuning van digitale vaardighede, en verskeie ander aanpassings in samewerkende studentebetrokkenheid. Die verskuiwende landskap laat die NWU met die prerogatief om die uitdagings te aanvaar en die potensiële breedgebaseerde transformasie van OL binne die grense van die goedgekeurde OL-strategie te oorweeg.

Die HyFlex OL-model baan die weg vir ’n breedgebaseerde transformasie op alle vlakke, van OL tot institusioneel.

Die HyFlex OL-model spreek tot die doel van die OL-strategie, wat betref sy bydrae tot ’n totale transformatiewe ervaring (persoonlik, akademies, en maatskaplik). Meer spesifiek staan die model teen die agtergrond van die institusionele strategiese dryfvere en die prerogatief om onderrig en leer te beheer, die buigsaamheid om nuwe beleide deurgaans toe te pas, HO-toegangsweë te skep, die transformasie en innovasie van sy program- en kwalifikasiemengsel deur programherontwerp en -ontwikkeling, kurrikulumtransformasie, en die skep van instaatstellende onderrig- en leeromgewings in die nastrewing van buigsame afleweringsmodusse, en innovasie en tegnologieverbetering van sy onderrig-, leer- en assesseringsomgewings (digitaal, fisies en sosiaal). Die HyFlex-model veronderstel ondersteuning deur voortdurende professionele ontwikkeling – enersyds om sy akademiese personeel van ’n gesonde opvoedkundige grondslag te voorsien, en andersyds om optimale akademiese ondersteuning en ontwikkeling te bied, om die potensiaal van HyFlex-spektrum van afleweringsmodusse optimaal te benut.

Die model het implikasies vir alle belanghebbers in die akademiese projek asook vir die primêre modaliteite van die NWU: kontakonderwys en afstandsonderrig. Dit dien ook as ’n kritieke suksesfaktor en instrument vir verandering om in die NWU OL-transformasieplan ingebed te word. Die OL-model omskep die HyFlex-konsep vanaf modulevlak na ’n breedgebaseerde institusionele vlak en bied ’n meer holistiese perspektief op die transformasie van OL by die NWU en die prerogatief om alle NWU strategiese vennote in lyn te bring om die NWU HyFlex-model die beste te dien in die nastrewing van die ideale van ’n toekomsgerigte HOI.

Die HyFlex OL-model plaas die student in die middel en bevorder ’n holistiese en geïntegreerde institusionele reaksie op studente se leerbehoeftes. Die model verhef die huidige interpretasies van HyFlex tot ’n institusionele vlak, eerder as om dit slegs tot OL-ontwerp en studentekeuse te beperk.

Dit neem as vertrekpunt die dryfvere wat leer bewerkstellig, elk gesuperponeer op die dryfvere wat die institusionele reaksie op sulke leerbehoeftes bepaal. Hierdie dryfvere dien as plaasvervangers vir verskeie veranderlikes in elke stel dryfvere. Drie leerdryfvere wat leer beïnvloed en uiteindelik studentesukses beïnvloed, sluit in leervereistes (die tipe leer wat beoog word), die omgewing waarbinne leer plaasvind, en die nodige leerinfrastruktuur. Dryfvere wat die institusionele reaksie bepaal, sluit in ’n bevorderlike leeromgewing waarbinne leer gefasiliteer kan word, die onmiddellikheid van OL-lewering (tyd en plek), en die impak van tegnologie-integrasie op die verbetering van OL-praktyke.



Die inklusiewe aard van die model bied die identifikasie van 'n spreekwoordelike 'sweet spot' vir 'n fakulteit, vir elkeen van sy programme, vir elkeen van sy modules, of deur individuele dosente, en moet geïnterpreteer word as 'n ruimte wat deur die uiterstes van elke dryfveer gedefinieer word. Hierdie ruimte maak dit moontlik vir die NWU, fakulteite en dosente om hulself te identifiseer in terme van die dimensies van die model sonder om 'n een-grootte-pas-almal-benadering tot tegnologie-integrasie voor te skryf m.b.t. die AO- en VO-modaliteite wat deur die Universiteit gebruik word.

Die dryfvere kan nie in isolasie geïnterpreteer word nie, aangesien hulle gelyktydig met mekaar interaksie het, wat effektief verskillende kontekste skep wat alternatiewe reaksies vereis. Die wisselwerking tussen hierdie dryfvere definieer 'n punt of ruimte waar al die veranderlikes wat daardie punt (of area) uitmaak in ewewig is, en verteenwoordig die somtotaal van interaksies tussen hierdie dryfvere. Die model karteer 'n inklusiewe ruimte wat 'n wye verskeidenheid moontlikhede kan akkommodeer.

Alhoewel die HyFlex OL-model nie 'n spesifieke pedagogie of opvoedkundige benadering bevorder of afdwing nie, lê die impak daarvan in die beduidende diagonaal wat in die middel daarvan ingebed is. Die model verduidelik die huidige sienings oor vervlegte leer (die Bates-kontinuum), en aanvaar die post-pandemiese insigte (Martin & Xie, 2022[32]) soos daargestel deur die 'beduidende diagonaal' binne die NWU HyFlex OL-model.

[32] Florence Martin and Kui Xie (2022) Digital Transformation in Higher Education: 7 Areas for Enhancing Digital Learning. Digital Transformation (Dx) . Toegang verkry op 12 Januarie 2023: https://er.educause.edu/articles/2022/9/digital-transformation-in-higher-education-7-areas-for-enhancing-digital-learning?utm_source=Selligent&utm_medium=email&utm_campaign=er_content_alert_newsletter&utm_content=1-11-23&utm_term=_&m_i=tQdvyVaJYegRzAS4O5nglidstfyUwLhuzVC5vb5IWgYziyFsYEkGvFpD4i%2BjmZC_BAReWwvKaiCPW1DE%2BEs7N%2BtI25Dkrkttte&M_BT=33284967322

(© 2022 Florence Martin and Kui Xie. The text of this work is licensed under a Creative Commons BY-SA 4.0 International License.

The Significant Diagonal



Die 'beduidende diagonaal' voeg gerigtheid by tot verwagte breedgebaseerde transformasie van OL binne die parameters soos bepaal deur die NWU se grootte en vorm. Verwysing na afstandsonderrig sluit die AO-modaliteit in, met dien verstande dat afstandsonderrig kan verwys na leer wat by 'n NWU-leersentrum plaasvind, of 'n afgeleë lokaliteit waar die leerder homself bevind, of 'n kamer of klaskamer op 'n kampus, afhangende van hoe tegnologie gebruik word ter ondersteuning van die dosent se pedagogie en opvoedkundige benadering. Dit gee 'n duidelike interpretasie van die NWU se prerogatief met betrekking tot transformasie van OL. Die diagonaal vang sleutel instruksionele modaliteite vas (Martin & Xie, 2022[33]) wat belangrik is vir die NWU-pad van OL-transformasie. Al hierdie modaliteite het digitale onderrig- en leerelemente, wat wissel van minimaal tot sterk steunend op digitale onderrig- en leertegnologie-integrasie. Soos reeds genoem, hou elke modaliteit implikasies in vir die transformasie op die vlakke van korporatiewe bestuur, programherontwerp, instaatstellende O,L & A-omgewings, en vereis omvattende akademiese en studente-ondersteuning wat relevant is tot sulke onderrigmodaliteite. Die bopunt van die diagonaal sal kenmerkend wees van hoofsaaklik kontak/aangesig-tot-aangesig-afleweringsmodusse, terwyl die onderkant van die diagonaal afstandsonderrig nader, wat ook ten volle aanlyn kan wees en meer soortgelyk is aan die afstandsleermandaat van die NWU. Die sentrale deel van die diagonaal weerspieël afleweringsmodusse kenmerkend van die konvergensie van die twee wêrelde wat tans deur aangesig-tot-aangesig/kontak- en afstandsonderrig onderskei word.

[33] Florence Martin and Kui Xie (2022) Digital Transformation in Higher Education: 7 Areas for Enhancing Digital Learning. Digital Transformation (Dx) . Toegang verkry op 12 Januarie 2023: https://er.educause.edu/articles/2022/9/digital-transformation-in-higher-education-7-areas-for-enhancing-digital-learning?utm_source=Selligent&utm_medium=email&utm_campaign=er_content_alert_newsletter&utm_content=1-11-23&utm_term=_&m_i=tQdvyVaJYegRzAS4O5nglidstfyUwLhuzVC5vb5IWgYziyFsYEkGvFpD4i%2BjmZC_BAReWwvKaiCPW1DE%2BEs7N%2BtI25Dkrkttte&M_BT=33284967322

(© 2022 Florence Martin and Kui Xie. The text of this work is licensed under a Creative Commons BY-SA 4.0 International License.

9 Gevolgtrekking

Die Onderrig-leer-strategie verskaf die stukrag vir ’n kurrikulumraamwerk waarin Fakulteitsgeïntegreerde Onderrig- en Leerplanne gesetel is, sowel as ondersteuningsplanne om die basis te skep vir ’n ervaring van onderrig en leer wat innoverend en inklusief is en aandag gee aan die ontwikkelingsbehoeftes van studente én personeel. Die kurrikulumargitektuur, met sy onderliggende beginsels, rig die ontwerp van programme op voor- sowel as nagraadse vlak om konsekwentheid op modulêre vlak moontlik te maak, wat op sy beurt koherensie tussen vertikale en horisontale artikulasie- of vorderingsweë bevorder. Dit stel die Universiteit in staat om holisties te kyk na die kwaliteit van onderrig-leer ten opsigte van standaarde, professionele vereistes, sowel as studente en akademiese personeel se ervaring daarvan.

Current details: (21764174) C:\Users\21764174\OneDrive - NORTH-WEST UNIVERSITY\8. Teaching and Learning\Teaching and Learning Strategy\Teaching and Learning Strategy.docm
21 November 2023

Lêrverwysing: 8Pr